

REFORMASIE 500 (Artikel 11): 'NUWE SAK VIR NUWE WYN

“Ek brand eerder in ’n rooiwarm vuur as om hier te sit en verrot”. Hierdie opmerking van Luther vertel iets van sy gemoedstoestand as banneling in die kasteel in Wartburg. Dit het egter nie lank geduur voordat Luther sy ballingskap as ’n geleentheid begin sien het nie. Alhoewel hy long-ontsteking opgedoen het en aan hardlywigheid gely het, was hy veilig en het hy tyd gehad om te dink en te studeer. Sy pen het die instrument geword waarmee hy die Reformasie vanaf sy “Patmos” lewend gehou en bevorder het.

Een van die belangrikste bydraes wat Luther in hier-die tyd gemaak het, was die vertaling van die Bybel in Duits. Alhoewel daar reeds verskeie Duitse vertalings van die Bybel bestaan het, was dit volgens Luther ontoereikend omdat dit blote vertalings van die Vulgaat was. Dit was boonop baie duur en buite die bereik van gewone gelowiges.

Hy het aan die werk gespring en teen September 1522, slegs drie maande nadat hy begin werk het, was sy Duitse vertaling van die Nuwe Testament by die drukpers. Albert Hyma, een van Luther se grootste kritici, skryf hieroor: “Selfs sy debat met Eck te Leipzig was nie so ’n aardskuddende gebeurtenis soos sy vertaling van die Bybel nie.”

Die vertaling was ’n kitssukses. Melchior Lotter het dit in Wittenberg op drie verskillende drukperse gedruk. In drie maande is bykans 5 000 kopieë verkoop. Voordat die volledige Bybel in 1534 gedruk is, het 87 uitgawes verskyn en is meer as 200 000 kopieë gedruk.

Die vertaling van die Bybel in Duits was spreekwoordelik die nuwe wysak vir die nuwe wyn waarmee Luther as teoloog na vore gekom het. Dit was die bron van sy teologie en die gesag waarop hy hom deurentyd beroep het. Regverdigmaking deur geloof, die Skrif alleen, geloof alleen, genade alleen en die priesterskap van alle gelowiges was die wyn wat uit hier-die nuwe sak gevloei het.

Luther se bydrae tot die reformasie het egter ook verder as bloot sy teologie gestrek. Die belangrikheid van prediking en musiek in die erediens, die ononderhandelbare belang van onderrig en lering en sy verstaan van die kerk as liggaam van Christus het bou-stene geword in ’n nuwe geloofstradisie van kerkwees wat soos ’n veldbrand deur die hele Europa versprei het.

Na sy dood in 1546 was geleerdes dit eens: Luther het die historiese kern van die Christendom heront-dek!

Geskryf deur Prof. Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).



JAARTEMA:
Sáám volg ons Christus

Maart 2018

MOENIE LAF WEES NIE, JESUS IS NIE HIER NIE

Ons is tans besig met ’n opwindende reeks uit die boek Markus tydens ons Sondagdienste. In aansluiting by ons jaartema nl *Saam volg ons Christus*, wil ons Christus deur die Markus Evangelie volg.

Ek onthou van ’n ware verhaal wat in Rapport van 22 Mei 2010 geskryf is deur Stephan Joubert wat ek nie anders kan as om dit te deel nie. Ek gaan net grepe daaruit deel.

Dries ontvang ’n telefoon oproep van iemand wat met hom ’n afspraak wil maak na aanleiding van ’n skrywe deur Dries in ’n dagblad.

In ’n restaurant ontmoet hulle en die man, Nick is sy naam, vertel sy lewenstorie.

Hy vertel hoe hy vir 18 jaar ’n alkoholis was en die laaste jaar ook dakloos. Hy vertel van die dag toe hy by die Uniegebou staan en bedel het, toe ’n man daar vir hom vra of hy vir hom kan bid. “Christene wil mos eers vir jou siel bid voordat hulle vir jou iets gee”, sê hy.

Die man bid toe vir my dat die Here my sal genees en vrymaak. Ek het dink toe hy het heeltemal verkeerd gebid, maar die volgende oggend toe ek wakker word, was die dranklus weg asook die ontrekkingsimptome (shakes).

Dries bestel intussen vir hulle steak en tjijs en hul kuier eet-eet.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

“Het jy al by ‘n kerk aangeklop? vra Dries vir Nick. Nick antwoord vinnig: party kerke het heinings om. Jy kan nie inkom nie. As jy egter gelukkig genoeg is, kan jy soms deur ‘n organiseerde kosprojek gehelp word. By een kerk het ‘n kerkkantoor dame gevra: wat soek jy? Soek jy kos? Nee, net iemand om mee te praat. Hier is niemand nou hier nie. Kan ek dan maar met Jesus in die kerk kom praat? *Moenie laf wees nie, Jesus is nie hier nie!*

Toe ek daar wegstap besef ek sy's reg. Jesus is nie daar nie (anders sou hul my met Jesus-liefde ontvang het).

Dries het daardie dag iets vreemd gedoen. Hy het die man saam hystoe geneem om daar ‘n paar dae te bly tot ‘n ander blyplekkie gevind kon word. Nick en Dries het groot vriende en broers in die Here geword. Nick se lewe het die vingerafdrukke van Jesus se lewensveranderende liefde gedra en Dries het Jesus nog meer as ooit gevolg as ‘n visser van mense.

Wat sê mense van ons en ons gemeente in die lig van hoe ons mense in nood behandel?

Phil Underwood het onlangs gesê: *If Jesus was called a friend of outcasts and the poor, I would like to be called the same.*

Wat van jou en my? Hoe dink mense en Jesus oor ons?

Ds Leon van Heerden

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **6, 13 & 20 Maart:** Netwerkkursus
- ♦ **10 Maart:** Kerkbasaar
- ♦ **11 Maart:** Doop & Belydenisaflegging met oggenddiens
- ♦ **17 Maart:** Manne-Ontbyt
- ♦ **28 Maart:** Skole sluit
- ♦ **30 Maart:** Goeie Vrydag

Sien jou daar!



Eenminuut-oordenkings

Wat sou Jesus gedoen het?

Ons staan ons onder ‘n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie.

Romeine 8:12

Die versoeking is altyd daar om verkeerd op te tree. Die meeste van die wêreld se kwale het hulle oorsprong in die swakheid van die menslike natuur.

Om die versoeking te oorkom om wraak te neem of om impulsief op te tree, dink voordat jy iets doen of sê. Sodoende weet jy dat jy nie iemand sal seermaak nie. Dink hoe Jesus die situasie sou hanteer. Ongeag wat Hy moes ly, het Hy nooit iets gedoen of gesê wat nie van liefde spreek nie. Deur die liefde wat jy betoon, sal jy as oorwinnaar in Jesus Christus na vore tree.

*Hemelse Meester, help my deur die
Heilige Gees om my tong en my emosies
te betoel. Gee dat ek altyd u verdraagsame
liefde alleen maar tot u eer sal openbaar. Amen.*

2 Januarie

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 2 Januarie

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus ‘n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID BIED AAN:



KERKBASAAR

SATERDAG, 10 MAART

Kom geniet 'n tradisionele kerkbasaar soos in die goeie ou dae.

Vrydagaand, 9 Maart - Fliek-aand 18:30

- ◇ 17:30 tot 18:30 lekker boereworsrolle, koeldrank en springmielies te koop.



Saterdag, 10 Maart - Basaar

- ◇ Ontbyt vanaf 9:00 en ook middagete vanaf 13:00
- ◇ Al die ou gunsteling soos pannekoek, teetuin met koek en lekkergoed, basaarpoeding en nog vele meer.
- ◇ Verskydenheid speletjies vir oud en jonk, tombola en die Grilgrot.



Hou asb. die afkondigings dop vir geleenthede waar hulp en bydraes gelewer kan word, maar die belangrikste van alles, kom en geniet 'n heerlike geesbou basaar saam met ons.

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

BAKKIES BOTHA MANNE MET FONDASIE

Ons leef in 'n wêreld waar dit al moeiliker is vir mans om integriteit en karakter te wys. Maar die wêreld het juis sulke manne nodig om in gesinne, in die werkplek en in die samelewing leiding te gee.

Oud-Springbok Bakkies Botha kom deel gedagtes met ons rondom die tema!

Manne ontbyt: Saterdag, 17 Maart 2018

Tyd: 09:00

Toegang: R120 per persoon
(ontbyt ingesluit)

Plek: NG Kerk, Rietfontein-Suid
(h/v Ben Swart en 16de Laan,
Rietfontein)

Kaartjies beskikbaar by:

Flip Langenhoven

082 890 0377





BELYDENISKAMP 2018

Die Belydenisgroepe van 2017 en 2018 het die naweek van 9 - 11 Februarie 'n heerlike en sielverrykende naweek gehad. Ons het hegte vriendskappe gevorm, berg geklim, die natuurskoon bewonder, geswem, gesing, baie gelag, musiek geluister, min geslaap en meer oor Jesus en onself geleer. Dit was sommer baie spesiaal.



Like ons Facebook blad by:
facebook.com/rietfontein.suid.jeug/



Die Jeug bied aan Die GrilGrot

Be afraid, be very afraid!!!



BY KERKBASAAR
op 10 MAART 2018

